# 17 Junie 2023 - Lesing 51 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Voorbestemming – 30/12/57

**NO: 7006** Julle almal is uitverkore om geluksalig te wees, **julle bepaal egter self die tydstip** waarop die ligryk julle kan opneem. En so kan die wese ook weer terug op die diepte afstuur en kan sy weg terug na My eindeloos verleng. Hy kan homself wel ewighede in 'n beklaenswaardige toestand bevind, op 'n afstand van My, wat hy **nie uit eie krag kan oorbrug nie** en dat daar daarom van 'n soort verdoeming gepraat kan word, wat My Wil egter nie oor die wese uitgespreek het nie, maar waarin **hy self geval het uit eie wil**.

Tog sal die mees duistere wese eendag tot die lig kom. En selfs My teenstander sal eendag weer in die lig van die son van My Liefde staan en die straal van My Liefde sal hom onmeetlik gelukkig maak. **Maar dit sal nog ewighede duur,** totdat hy sy weerstand teen My sal opgee.

En so ook sal daar wesens bestaan wat hulle weer en weer in sy mag sal begewe, wie se weerstand teen My nie verminder het nie en hulle daarom ook vir ewighede ongelukkig sal wees, ofskoon **hulle steeds die geleentheid het om My Hand vas te gryp**, wat hulle sal tuisbring in die Vaderhuis. En Ek is op hoogte van die lot van elke siel en hulle ondervind onafgebroke My genade en in die stadium as mens **trek Ek steeds My Wil terug, sodat hulle wil heeltemal vry 'n beslissing kan maak**.

Daarom is dit verkeerd om te sê, **dat die lot van 'n siel deur My bepaal is om geluksalig of verdoem te word**. Dit is daarom verkeerd, omdat Ek Self alle mense na My wil trek en daarom ook vir alle mense aan die kruis gesterf het. Dat Ek die wil van elke siel ken, beteken nie dat Ek die wil rig nie. Want sou slegs My Wil bepalend gewees het, dan sou alle siele waarlik al na die Vaderhuis teruggekeer het, omdat Ek die mag en die krag daartoe het. **Dus kan Ek nooit die siel van 'n mens tot verdoeming voorbestem het nie**. Dit sou My nooit kan "welgeval" om 'n siel weer in die verderf te stort nie, **want Ek is die liefde Self**.

Slegs 'n nie-gewekte gees kan die woorde van die Skrif so verkeerd verstaan. En slegs 'n nie-gewekte gees kan dit vir julle so uitlê, dat Ek Self vir My siele sal uitkies om salig te word, of sal verstoot om verdoem te word. **Dit staan julle mense waarlik vry hoe julle besluit en so bepaal julle self ook julle lot na die liggaamlike dood**.

Julle sal grensloos salig kan wees, maar ook vir julself die lot van verdoeming kan veroorsaak, omdat Ek op geen enkele manier dwang op julle uitoefen, soos julle ook nie deur My teenstander gedwing kan word nie, al is sy mag ook nog so groot.

Gedurende die tyd van julle lewe op aarde staan daar vir julle egter onbeperkte genade ter beskikking, wat Ek vir julle verwerf het deur My dood aan die kruis. Julle hoef dus nie swak te wees nie. Maar slegs julle wilsvryheid bepaal julle denke, wil en handeling. En julle sou beslis geen vrye wil gehad het, as julle lot na die dood deur My vir julle voorbestem was nie.

**Julle is almal geroepe. Dat daar egter min uitverkies is, is slegs gebaseer op die vrye wil van die mens**, nie op willekeurig verleende genade nie. Hierdie foutiewe opvatting moet steeds weerlê word, want dit het 'n verlammende uitwerking op vele mense, wat daardeur die gelukkige sekerheid ontbreek om hul doel op aarde te kan bereik, en hulle daarom ook lou is in hulle strewe.

Julle moet altyd daaraan dink, dat Ek 'n God van Liefde, Wysheid en Mag is. **En 'n leer, wat iets daarvan in twyfel trek, is 'n dwaalleer**. En hoe sal julle My Liefde daarmee in ooreenstemming kan bring dat Ek salig maak of verdoem na "My welbehae"? Streef daarom ernstig daarna om die uur van julle verlossing nie uit te stel nie, want **julle self** bepaal die tyd waarin julle na My sal terugkeer, waarin Ek julle weer kan opneem in julle Vaderhuis. Amein.

Geestelike verbindinge wat deur God geseën is - Minderwaardige spiritisme – 2/1/58

**NO: 7009** Alle geestelike verbindinge met die aarde staan onder My beskerming, sodra die wil van die mense goed is wat sulke bande aanknoop. Want van die aarde af moet die bande tot stand gebring word, omdat die geestelike wêreld eers dan werksaam mag wees **wanneer die wil van die mens dit toelaat**.

As die wil van die mense goed is, dan mag die ligwêreld ook in aksie kom, terwyl by die nie-edele gesindheid van die mense die **geestelike kragte hulself uiter wat geen lig uitstraal nie**, maar veel eerder die duisternis nog vergroot waarin die mense hulle bevind.

Maar omdat dit My Wil is dat julle mense lig gegee word, sal Ek ook steeds die betrekkinge seën wat die gevolg is van **'n goeie gesindheid en 'n goeie wil**. En dus sal Ek die mense ook beskerm teen die ontvangs van onware leringe, want die goeie wil gee My die reg daartoe om die onrype geeste te verdring en hulle te belet om hulle onware opvattinge oor te bring.

En so sal julle ook onbesorg en met 'n geruste hart onderrig vanuit die geestelike ryk in ontvangs kan neem, want die ligwêreld doen onafgebroke moeite om julle na die lig te lei, wat ook deur beïnvloeding d.m.v. **gedagtes** geskied, sodra julle lig verlang. Maar julle sal dan ook spoedig besef dat julle ook **bewustelike bande** sal moet aanknoop, dat daar geen skeiding bestaan tussen die aardse en die geestelike wêreld nie, dat julle voortdurend deur wesens omring word wat net so geaard is soos julle, volgens julle wil en julle gesindheid.

Maar daaraan sal slegs die mense glo wat 'n ernstige wil het om **nader aan My en die waarheid** te kom,

want die mense wat ook geestelike betrekkinge tot stand bring en self nog geen goeie ingesteldheid het nie, glo nie op die korrekte manier aan My nie. **Hulle probeer veeleer net om hul eie nuuskierigheid te bevredig,** hulle probeer agter geheime te kom en soek sensasionele vermaak. En hierdie mense word ook volgens hul mentaliteit bedien en nooit word 'n geloof aan 'n God van liefde in hulleself gewek nie, veeleer knoop hulle betrekkinge aan met My teenstander, wie hulle deur leuens en dwaling steeds meer van My wegtrek.

Daarom moet daar ernstig gewaarsku word teen sulke bande met die geestelike ryk, terwyl elke mens seker mag wees van My beskerming wat 'n ernstige band met die ligwêreld tot stand probeer bring. Want die wesens van die lig bring My Wil tot uitvoering, die wesens van die lig doen niks uit eie wil nie, want hulle wil is volledig en heeltemal onder Myne geplaas.

Maar Ek maak hierdie wesens dikwels gelukkig met opdragte, deurdat Ek aan hulle mense om te lei toevertrou wat met 'n ernstige wil op My aanstuur, wat met My al 'n ernstige verhouding aangegaan het, **sodat Ek hulle kan seën met lig, met die suiwere Waarheid, wat van My uitgaan** en wat aan hulle toegestuur word, regstreeks of deur My ligbodes, wat egter nooit aan julle mense iets anders sal aanbied as dit wat van My uit toestroom nie. Want julle moet weet dat My uitstraling van lig en krag voortdurend hierdie wesens aanraak en deur hulle nou vêrder gelei word en dat hul geluksaligheid ook daarin bestaan, om diesulkes wat dit nodig het en 'n verlange na lig en krag het, te kan voorsien.

Daarom is slegs julle wil beslissend, om julle met My en die ligwêreld te verbind, dan is ook My beskerming en seën vir julle gewaarborg, dit maak geen saak of die lig van die Waarheid d.m.v. **gedagtes** tot julle kom, of dat julle dit van My ontvang in die vorm van My **Woord** nie. Altyd is die ewige Waarheid Self aan die werk en Sy sal elke onsuiwere gees wat tussenbeide wil kom, afweer, - soos egter ook omgekeerd My ligwesens magteloos is teenoor hierdie duistere geestelike wêreld **wanneer die mens self deur sy gesindheid aan hulle toegang verleen en hul optrede toelaat.**

En elke mens moet vir homself rekenskap gee watter motief hom aanspoor in die poging om met geestelike kragte gedagtes te wissel. **Daar moet ernstig gewaarsku word teen spiritisme van die lae soort**, wat geen seën bring nie, maar 'n groot gevaar is om julle aan My teenstander oor te lewer, indien dit nie betyds herken word nie. Amein.